WAPADRANT KALENDER

Praktiese Dissipelskap Opleiding Werkswinkel
Vrydag aand & Sat oggend
6 & 7 Maart
Het jy vrymoedigheid om met ander mense te praat oor God se liefde?
Oorkom jou vrees! Kom stap die pad saam met ons hierdie jaar.
Kontak Henricus Verhoef 0825584450

Kostrollie-projek
Koop enige van die items en plaas dit in die kostrollie. Pamflette met inligting insluitend die lys van items is by die trollies asook die bruin kas beskikbaar. Kontak Alwyn Röhrs by 0844043839 vir inligting.

EK WIL DIEN

Bediening	Waar?	Kontak
Sunrise Naskool	Aflos bussiebestuurder op 'n ad hoc basis	Daleen 0829332416
Sunrise Naskool	Voorsien etes op Vrydag middag	Daleen 0829332416
Sunrise Naskool	Toesighulp elke Woensdag- of Vrydagmiddag.	Daleen 0829332416
Jeug	Aanbieders en helpers vir Jeuggroepe	Errol 0834299231

WAPADRANT GEMEENTE, WAAR GOD LEWENS VERANDER

Ons is opgewonde om die volgende oor hierdie gemeente hier bekend te maak:
In hierdie Gemeente streef ons daarna dat elkeen geestelik sal bly groei deur hulle lewe en daarvoor het ons die volgende Visie bepaal –
"ELKEEN SAAM OP GOD SE PAD".
Om hierdie Visie te laat realiseer het ons die volgende **5 geloofsgewoontes** geïdentifiseer en Christus se liefde inspireer ons om dit na te streef:

Hieruit spruit dan ook ons waardes

LIEFDE
vir God en mekaar;
VERHOUDINGS
met God, met mekaar, met die wêreld;
GROEI
in liefde en in hierdie verhoudings;
DIENSBAARHEID
teenoor God, teenoor mekaar, teenoor die wêreld;

BELANGRIKE KONTAKBESONDERHEDE

Vir enige navrae kontak gerus die kerkkantoorpersoneel by:
0129911395 of 0129915623
(Maandag tot Vrydag 08:00 - 15:00)
Die Gemeente se webblad is egter 'n bron van baie inligting en ook ander kontakbesonderhede, gaan kyk gerus by: http://www.wapadrant.co.za
****

NUWE LIDMATE
Besoek die volgende webadres vir inskrywingsvorm http://www.wapadrant.co.za/kontak-ons.html of kry 'n vorm in die bruin kas in die voorportaal.
****

INDIEN JY 'N FINANSIËLE BYDRAE WIL MAAK
Gaan na http://www.wapadrant.co.za/finansielesake.html of gebruik sommer nou SnapScan. Volledige inligting oor SnapScan op kennisgewingbord in die saal.
Elektroniese oorplasing: Absa, Tjeknr 3490151957, takkode 632005. Verwysing: Naam en Van Oorbetalings kan m.b.v. Snapscan inbetaal word.
Snap here to pay
SnapScan
****

UITREIK PROJEKTE
Navrae by die Uitreikkoördineerder:
Anlia du Plessis
0129914907/0824763047/
uitreik@gkwapadrant.co.za

* NPO's en Neem-en-Deel Bybelprojek se inligting by http://www.wapadrant.co.za/uitreik.html

* Engelse Erediens (Rainbow Christian Fellowship). Kontak Hans Lensink by 083 629 8527 hans.lensink@eskom.co.za of Malwande Mdonga by 079 904 3264/malwande@gmail.com
****

CHRISANTE HOSPITAALBEDIENING
Véra Tollig by 082 644 6741 / tollig@woodlandsnet.co.za
Indien jy by hierdie dienswerk betrokke wil raak.
Onthou om asb die Kerkkantoor in kennis te stel indien jy hospitaal toe gaan vir enige operasie of mediese prosedure!!
****

EL-PIDA: Pretoria-Oos Dienssentrum
Vir 'n leefstyl wat by die ouer persoon pas.
elpida.dienssentrum@gmail.com /
Judy Bovey 083 325 2102

2020
GEE JOUSELF 2
Rom 12:1 Gee jouself

GPS

2 FEBRUARIE 2020

EREDIENS VANDAG

08:30 ✓ 10:30 ✓	**Rassie Smit**
Teks:	Psalm 121
Tema:	Jou Bewaarder
18:30 ✓	**Peet Vermeulen**
Teks:	Ef 1:15-23
Tema:	In gesprek met God

PREEKROOSTER EN KALENDER

- Die **DOOP** word vanoggend tydens beide oggend-eredienste bedien.
- **NAGMAAL** word op 23 Februarie 2020 bedien by al die eredienste.
- Neem 5 minute voor die 10:30 erediens jou plek in indien jy saam wil saam wil gesels oor hoe om die klassiseke erediens meer hartlik en warm in te kleur.

Datum	08:30	10:30	18:30
9 Feb	Amie	Amie	GEEN
16 Feb	Sloet	Sloet	Rassie

LIEFDEGAWES

Die liefdegawes word slegs aangewend vir Barmhartigheid.

REGSTREEKSE UITSENDING

Die 08:30-erediens word **regstreeks** op *Facebook* uitgesaai. Besoek die gemeente se *Facebook*-blad: soek vir 'Wapadrant gemeente' en klik op die 'Videos'-skakel. Meer inligting by Bernard vd Merwe 0827456728

KLEUTERKERK EN SKOOL JEUGGROEPE

- Kleuterkerk: 08:30 in Kleuterlokaal
- Laerskool- en Hoërskool jeuggroepe: Kom in hul onderskeie lokale bymekaar om 9:30

ALGEMEEN

- **Moederskamer:** Slegs ma's met babas tot een jaar oud.
- **Konsistorie:** Babas (1 & 2 jaar) en ouers.
- **Bybels:** In die kerkbanke vir die gebruik deur lidmate en besoekers of gee gerus vir iemand wat dit nodig het.
- **"Neem-en-Deel":** Bybelboekrak in die saal. Volledige besonderhede by die rak oor hoe die projek werk.

GEMEENTENUUS

http://www.wapadrant.co.za/diensgroep-en-gemeente-aktiwiteite.html

- **Senior Bybelstudie:** Dinsdag 09:00. Peet gesels oor Twyfel (verskeie teksgedeeltes).
- **Vroue Bybelstudie:** Dinsdag 09:00.
- **Manne Bybelstudie:** Woensdag 5:30 in Toringkamer 2.
- **GKSA Nuusbrokkies** is beskikbaar by http://www.wapadrant.co.za/gksa---brokkies-nuus

Ter approbasie as diaken:
Jacques Breedt
Indien hy die roeping opvolg, word hy op 9 Februarie bevestig.

Jongmense wat op 24 Mei **belydenis van hul geloof** wil aflê, kan self 'n skriftelike aansoek stuur na admin@gkwapadrant.co.za. VOOR **7 Februarie** 2020.

Hartlike dank!
"Ek wil graag my dank betuig aan dr Peet vir al sy besoeke, elkeen wat vir my gebid het en ons Hemelse Vader wat my so getrou gedra het.
Ek is nou weer gesond!"
Isabel Pretorius

Sustersaamtrek
7 Maart 2020 @ R150pp by Die Helpende Hand, Pretoria-Noord.
Kontak die kerkkantoor by 012 991 1395.
Besprekings **sluit** **9 Februarie** 2020.

LIEF EN LEED

Ons vra voorbidding vir:

- Louis Botha wie se gesonheid nie na wense is nie.
- Willem Visagie) wat in Kloof opgeneem is vir toetse.
- Elna van der Walt wat Woensdag 'n knievervanging ondergaan by Zuid-Afrikaanse hospitaal.
- Gé Pretorius wat Donderdag 'n kniever-vanging ondergaan in Wilgers hospitaal.
- Ria Viljoen wat Dinsdag 'n operasie ondergaan by Pretoria-oos hospitaal.
- Erica Hoogendoorn wie se moeder haar aardse wedloop voltooi het.

Hartlik geluk aan:

- Willie en Mignon Hamman wat vir Estée Rebecca laat doop.
- Neil en Michelle Kruger wat vir Ruben Arno laat doop.
- Arno en Nadia van Huyssteen wat vir Marno laat doop.
- Neal en Juanita Bull wat vir William Andrew laat doop.

GEBEDSBEDIENING

Voel jy soms dat jou gebed nie verhoor word nie? Habakuk worstel met dieselfde gedagte. Vra dat die Here ook jou jou oë sal open en dat jy kan bely en in die Here jubel. Habakuk 3:17-19 ~Jan Meyburgh

* Kom bid elke Sondag om 8:10 saam in die Kapél.
* WhatsApp gebedsversoek na 0825703025 of epos na bidsaammetmy@gkwapadrant.co.za